**Mymering**

As ek aandagtig in die aandlug tuur,
 En diep oorpeins al wat ek hoor en lees,
 En wonder in gedagte wat sal wees
Geheim verskuil agter ons lewensmuur,
En waar die Dood ons eind'lik heen sal stuur
 Dan voel ek sterk en seker, want my gees,
 Tevrede en geduldig, sonder vrees,
 Wag soos die middag op sy skemer-uur.
Maar as ek dink: 'Misskien , ag, kom ons weer,
 T'rug in die lewensworst'ling en –gewoel,
        Waar bitter Noodlot al ons vreugd verniel
En al ons ideale ru verteer,'
 Dan is dit amper of ek in my voel
 Koud – koud my hart en hoendervel my siel.

Digter: C. Louis Leipoldt, 1880-1947
Jaar:

Bron: Versamelde Gedigte. Versorg door J.C. Kaanemeyer. Tafelber, Kaapstad, 1980.  Ook in Gerrit Komrij, Afrikaanse poëzie in 1000 en enige gedichten. Uitgeverij Bert Bakker, Amsterdam, 1999. p 292.

Ekstra inligting:
op internet: in de Bibliotheek Nederlandse letteren in de sectie Afrikaans:
http://www.dbnl.org/auteurs/auteur.php?id=leip001

Stichting Dibana
Taal > wereld van ontmoeting